

Wees Sterk en vol Moed

Uittreksel va Pastoor Nesor se boodskap: B133a Eng/Afr.

Skriflesing uit: Josua 1:1 – 9

Kernvers: - ‘Het Ek jou nie beveel nie; Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is by jou, oral waar jy heen gaan?’

Die Here het vir Josua in ‘n baie belangrike stadium van die geskiedenis van Israel gesê: Moses is dood! Maak julle dan klaar en trek na die land wat Ek aan die kinders van Israel sal gee.

Ons staan vandag met afwagting en vrees, maar ook respek vir die toekoms. Net soos die Israëliete van daardie tyd, staan ons ook aan die drumpel van groot en magtige dinge. Die Here sê dan ook vandag vir ons: Wees sterk en vol moed, want Ek gaan met julle saam.

Geliefdes, ons moet tog nooit so bekend en gewoon raak aan die Bybel dat dit vir ons sommer net ou nuus word nie. Ons moet voor die Here bly in afwagting dat ons magtige openbaringe van Hom mag ontvang.

Hier word ewige dinge vir ons uitgelê en uitgestippel wat ons selfs vandag kan toepas. Groot voorsiening en groot beloftes word vir ons gemaak maar wat het ons in die verlede daarmee gemaak en wat gaan ons in die toekoms daarmee maak?

Ons hoef nie baie ver terug te gaan in die Woord om te besef dat daar geweldige dinge op ons wag nie. Ook wanneer ons so na die wêreld rondom ons kyk...

Nasies wat gereed staan om te veg, die ekonomie wat dreig om ineen te stort. Oral waar jy kom is daar ‘n gees van terneergedruktheid en onsekerheid.

Tenspyte van al die wonderwerke wat Israel beleef en gesien het, kon hulle God steeds nie vertrou nie. Is ons nie maar ook baiekeer so nie?

Watter groot wonderwerke het die Here nie al in ons lewens en geskiedenis gedoen nie? Maar ons is vol ongeloof en onsekerheid, selfs vreesagtig vir die toekoms! Dien ons dan nie ‘n Almagtige God wat instaat is om elke woord van Hom waar te maak nie?